## Voornaamwoorde

'n **Voornaamwoord** is 'n klein woord wat jy gebruik in plaas van 'n persoon se naam. Soms wys dit dat iets aan iemand behoort.

| | | |
|---|---|---|
| Ek het 'n boot. | Dit is **my** boot. | Die boot is **myne**. |
| Jy het 'n boot. | Dit is **jou** boot. | Die boot is **joune**. |
| Hy het 'n boot. | Dit is **sy** boot. | Die boot is **syne**. |
| Sy het 'n boot. | Dit is **haar** boot. | Die boot is **hare**. |
| Ons het 'n boot. | Dit is **ons** boot. | Die boot is **ons s'n**. |
| Julle het 'n boot. | Dit is **julle** boot. | Die boot is **julle s'n**. |
| Hulle het 'n boot. | Dit is **hulle** boot. | Die boot is **hulle s'n**. |

### Kleur die regte blokkies met 'n kleurpotlood in.



1. Ek speel met [hy] [sy] [my] niggie.
2. Hy vra [ek] [sy] [julle] oupa.
3. [Ons] [Hulle] [Sy] skryf met hulle potlode.
4. [Hy] [Sy] [Ek] trek my tennisklere aan.
5. Sy ry met [sy] [haar] [my] fiets.
6. Hulle gaan by [sy] [hulle] [ons] ouma kuier.
7. Ons ry met [ons] [sy] [hulle] motor.
8. [Hy] [Sy] [Ek] speel op my rekenaar.
9. [Ons] [Hulle] [Julle] speel met ons niggies.
10. [Hy] [Sy] [Julle] bel haar ma.



### Skryf die regte voornaamwoord by elke sin:

1. Pieter en Theuns speel met _______________ klein hondjies.
2. Ons speel met _______________ speelgoed.
3. Sy ry op _______________ fiets.
4. Sy sê daardie mooi fiets is _______________.
5. Hy eet _______________ appel.
6. Pa sê vir Pieter en Theuns: "Daardie gemors is __________________."
7. Nou moet (Pieter en Theuns) _______________ dit skoonmaak.
8. Ek het die oulikste hasie. Die hasie is _______________.
9. Jy woon daar. Dit is _______________ huis.
10. Hy het 'n nuwe fiets. Die fiets is _______________.